

**Almagtige Hemelse Vader,
wees my, 'n sondaar, asseblief genadig.
Ek glo in U en dat U Woord, die Bybel, waar is.
Ek glo dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is.
Ek glo dat Hy aan die kruis gesterf het
vir al my sondes, sodat ek volle vergifnis van al my sondes ontvang
en die ewige lewe kan verkry.**

**Vader, ek glo U het Jesus uit die dood opgewek.
Ek weet sonder U in my hart, siel en gees,
is alles, wat ek uit eie krag probeer, sonder ware betekenis.**

**Here Jesus, U alleen is my Middelaar.
Vergewe my asseblief vir al my sondes.
Hulle is menigvuldig en sonder die afwassing van U bloed,
verdien ek die dood.**

Amen



**Jesus Christus, vergewe my asseblief en
kom woon in my hart.
Word asseblief my
persoonlike Saligmaker,
my God en my Redder.**

**Ek buig nou in aanbidding neer
en gee my lewe totaal oor aan U.**

**Neem asseblief volle beheer oor vanaf
hierdie moment. Ek bid dit in Jesus
Christus se Heilige naam.
Amen**